

25 Mei

**Skrifgedeelte: Esegïel 34
Fokusgedeelte: Esegïel 34:1-10**

Die valse leiers ontmasker

Die beeld van 'n herder is een wat telkens in die Ou Testament voorkom. Dink maar aan die geliefde Psalm 23 waarin die beeld van die herder op God van toepassing gemaak word. Vir 'n koning van Israel was die herder ook 'n goeie beeld. 'n Koning, en ook die ander leiers soos die priesters of profete, het die verantwoordelikheid om sy volk te dien en te versorg. Wanneer 'n mens egter na die geskiedenis van God se volk kyk, kan jy nie anders as om raak te sien dat die konings dikwels die volk die afgrond in gelei het nie. Konings het mense verdruk, hulle het agter afgode aangeloop en hulle het meer na hulle eie belange omgesien as na die belange van die volk. Daarom maak die Here dit duidelik dat Hy rekenskap gaan eis van die leiers van die volk. Die konings wat gedurende Esegïel se tyd in Jerusalem geregeer het, het almal van die Here afgedwaal en so die oordeel oor die volk verhaas. God gaan hierdie valse herders verwyder en self as Herder sy volk lei en versorg. Dit word veral duidelik in die werk van Jesus Christus, die Goeie Herder, wat sy lewe vir sy skape afgelê het. Diegene wat self leiers is, moet daarop bedag wees om werklik as herders op te tree. Diegene wat leiers volg, moet leer om nie maar klakkeloos na te volg nie, maar om die leiers se optrede ook aan God se Woord te toets.

Sing: Psalm 23:1

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)